

Donderdag 9 April

Skrifgedeelte: Markus 4:35-41

Fokusgedeelte: Markus 4:40

Geen vrees te midde van geloof

Ons beleef in hierdie verhaal 'n kontras van twee uiterstes. Enersyds het jy 'n skuit in 'n storm, met die dissipels wat vreesbevange is. Vol paniek, bevrees dat hulle enige oomblik gaan sink en sterf. Andersyds het jy ons Here Jesus Christus wat slaap, op die oog af salig onbewys van wat om hom aangaan.

Die oomblik wat die dissipels Jesus wakker maak, raak Hy nie paniekbevange nie, maar in alle rustigheid roep Hy uit na die storm: "Hou op! Bedaar!"

Wie is hierdie man? Die dissipels is met groot ontsag vervul. Soveel so dat Jesus vir hulle vra in vers 40: "Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?" Let wel, Hy vra nie waarom was hulle bang nie, maar gebruik die woord "IS". Hulle besef nie werklik wie Jesus is nie. Hulle wonder selfs wie Hy is dat Hy die vermoxhet om selfs die wind en die see bevele te gee.

Jesus is besig om sy dissipels te leer dat Hy die Messias is, dat Hy deur sy Vader gestuur is om die dood en die sonde te oorwin. Hierdie wonderwerke wat Hy doen, is daar om sy almag te bevestig.

Ons beleef baie keer in ons eie lewens krisisse, tye van storms en vrees en angs. Maar die Here kan ons netsowel vra waarom is ons bang? Het ons dan nie geloof nie? Hou op en weet: Ek is die Heer (Ps. 46).

As Hy die belofte maak dat Hy vir ons 'n ander Trooster stuur, en ook die belofte dat Hy met ons sal wees al die dae van ons lewe tot aan die voleinding, hoekom het ons enige vrese in ons lewe? Die skrywer van die Hebreër-brief leer ons dat ons ons oog op Jesus Christus moet hou, die Begin en Voleinder van ons geloof, sodat ons uiteindelik nie geestelik moeg word en uitsak in hierdie wedloop van die lewe nie (Heb. 12:2-3).

Sing: Skrifberyming 17-1:1

Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)